

Sien deur die tranedruppels van jou siel die reënboog van God se genade!

In die Naam van die Here teken Jesaja duidelik die weg tot verlossing (Jes 42:14-44:23). Die verlossingsweg is in God se almag en reddingsdade. Die volk in ballingskap moet raaksien dat net God hulle kan verlos. Hy wil met hulle 'n nuwe begin maak. Hy wil aan hulle bevryding skenk.

In die perikoop (Jes 42:18-25) is 'n vermaning aan Israel. Hulle is so vasgevang in hulle ellende van die ballingskap dat hulle die verlossende hand van God hoegenaamd nie meer in hulle lewe raaksien nie. God wil hulle duisternis in lig verander (Jes 42:16), maar hulle is doof en blind vir God se genade. Tog het hulle pas verneem dat hulle 'n spesiale taak van God ontvang het (Jes 42:1-9). Hulle het God beskuldig dat Hy hulle ellende nie raaksien nie (Jes 40:27). In die werklikheid van elke dag is dit egter hulle wat God se genade nie raaksien nie. Hulle verstaan nie, en wil nie verstaan nie, dat die ballingskap die resultaat is van hulle eie sonde, en hoegenaamd nie op God se rekening staan nie, so asof God ontrou geword het! En dit terwyl Jesaja tydig en ontydig verkondig: "Die Here het vreugde daaraan om getrou te wees. Hy laat sy woord roem en eer ontvang" (Jes 42:21).

Die oproep is om die oog op die toekoms te rig. Die wonderlike van die evangelie van die Here Jesus is dat jy die verlede mag agterlaat. Leer egter ook uit jou foute en bid: "Here, gee tog dat ek nie dieselfde foute van gister vandag weer maak nie." Leer uit gister, kniel biddend op jou knieë in die hede en kyk die toekoms in met 'n vonkel in die oë.

Moenie net die beproewinge van die verlede en die hede raak sien nie. Sien deur die tranedruppels van jou siel ook die reënboog van God se genade! Soos Paulus ons aanmoedig (Heb 12:1c, 2a), "laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof." Hy is die A en die Z van die Lewe, die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde (Op 21:6)!

Sing: Psalm 42:1, 2, 5

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)